# Ons gee God se Hoop en liefde aan

**Diensnuus**
**28 Junie 2026**

***VAKANSIEUITGAWE***
**09:30 Erediens /Doop**
**09:00 Solitaire Erdiens – Ds. Frikkie Marais**
**09:00 Botrivier Erediens**





## 01 DAGBOEK :

26 Junie: Skole sluit

5 Julie : DANKOFFERSONDAG

21 Julie : Skole open

Verlof:

Ds. Awie Brand : 9 Junie -26 Junie
Ds. Dewald du Toit : 22 Junie – 21 Julie
Ds. Willem Lubbe: 29 Junie – 16 Julie

## ONS BID VIR :

Pieter Le Riche

Bennie Basson

Stephanie Visser

Martin Eksteen

Marius de Witt

Johan Viljoen

Marelize Faul

***Troos:*** Ons dink aan Willie Eillert en familie met die afsterwe van sy pa.

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn
Leonie Blom
Heleen Lombard

## 03 ALGEMENE INLIGTING:

**SAAM BID:**

*Woensdae oggende* - 06:45 Laerskool Overberg
Donderdae oggende - 05:00 Gebedskamer

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie

https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 04 DIENSBEURT:

**28 Junie**
Vakansie, self help

***Baie dankie***

**5 Julie**
Vakansie, self help



*Doopdiens*

Stephan Markus

Seun van Norman & Elmaric Fraser

# Alfa Generasie en geloof.

Nadat ons by die Teologie fakulteit gesels het oor die Alfa-generasie, was daar `n paar gedagtes wat uitgestaan het.

Die **kultuur** waarin hulle leef is `n moeilike hibriede kultuur.  Die groep wil in die kuber-wêreld leef, maar ook in die realiteit van hierdie wêreld beleef.  Hulle sien gevaar baie vinnig raak wanneer dit kom by die in-persoon-kontak geleenthede.  Daar heers dan ook agterdog wat betref die agenda van enige een met wie hul in aanraking kom.  Binne hul eie portuur groep moet hulle eers seker maak die sosiale risiko is laag voordat hulle sommer iets sal aanpak of doen.  Om "geshame" te word is nie aanvaarbaar nie.  Vanuit die polarisasie in die groep oor geloof, kultuur, waardes en politiek leef hulle heeltyd in die spanning.

**Beleef** is `n behoefte by baie van die kinders.  Hulle kyk na videos waar mense normale take verrig.  Klei speel, koek bak, hark in die tuin, of sulke goed.  Dit dui na die behoefte om self ook die dinge te ervaar.  Daarom sal dit goed wees om hierdie kinders uit te bring om eerste ervarings van alledaagse lewe in die regte wêreld te ervaar voordat hulle dit aanlyn ervaar.  Laat hulle goed in hul hande voel.  Hierdie groep is waarskynlik die veiligste nog.  Min beserings kom by hulle voor in vergelyking met ander generasies.  Die rede is omdat hulle min uit kom.  Alles is beveilig.  Klimrame is versag met kussings.  Daar is niks risiko daar nie.  Tog het hul nodig aan hierdie soort risikos.  Daarom is die aanbeveling vir kerke om kinders in `n spasie te kry waar hulle kan beleef met hul lywe. Risikos kan nie net in verhoudings en aanlyn ervaar word nie. Dit moet deel wees van jou ontwikkeling. Anders bly als een of ander covid virus wat jou onsekerhede voed.

Dit bring my by **die mense-wees gesprek**.  Na aanleiding van Nadia Marais se aanbieding oor  Pous Leo XIV se ensikliek, *Magnifica Humanitas*, of die wonderbaarheid van die mens(my eie vertaling of verstaan). Pous Leo het in die dokument lank geredeneer oor die invloed en wêreld van AI. Dan vra hy `n paar vrae wat ons bespreek het.  1. Wie en wat is die mens? Die verstaan is dan dat ons terug gaan na die mens as beeld van God.  Met Christus as die hoogste en beste vorm van Mens wat God uitbeeld op aarde.  Mense mag nooit gereduseer word na net `n intellektuele wese of net `n prestasie van een of ander aard nie. `n Mens se waarde lê alreeds in die feit dat hy/sy na God se beeld geskep is. Ons het dus `n inherente menswaardigheid wat die basis van menswees vorm.

Daarna het ons ook die vraag: wat bou ons as mense?  Pous Leo gebruik twee opsies as "bouprojekte". Die Toring van Babel waar alle mag in die hande van `n klein groepie is en die res van die mense bou aan hulle planne en hulle drome.  Die probleem hier is mag in min hande.  En die vergelyking kom dan in by die AI wêreld.  Daar blyk dit ook of mag in die hande van die groot en rykste invloede lê.  Die res bou aan die projekte van die ryk elite groepie.  In ons tiener gesprek het ons verwys na die gevoel wat die ALFA generasie het oor die super ryk, of die super invloedrykes, of die super bekendes, of die super sterre.  Dis net daar ver en buite hul "normaal" en onmoontlik om te bereik.  Of eerder dit is die verwysing van hoe dit moet wees.  Al die sosiale mag, die intellektuele mag, die kreatiewe mag ens lê iewers daar as verwysing van "dit is hoe dit moet wees".  Angs en spanning.

Of mens kan **bou aan die Nuwe Jerusalem.**  Die stad waar almal deelneem en inkoop en vrede heers.  Waar almal erken word as waardig en waardevol.  Waar verhoudings leef wat elkeen `n plek van behoort gee.  Dis is die beter ideaal.

Fourie Roussouw het ons gelei om die wêreld van die tiener in die ALFA generasie te verstaan. En ons het diepte gevind in die gedagte van Psalm 8. Die troos vraag wat in die middel van die Psalm voorkom is: wat is die mens dat U aan hom dink? (dat U na hom omsien). Die vraag troos, want dit lê omarm deur die belydenis van die begin en die einde “Here ons Here, hoe magtig is u Naam oor die hele aarde?”

In ons soeke na verstaan van onsself en van die Alfa Generasie besef ons die vang plekke, die haak plekke en die uitdagings. Ons vrees die onbekende en veral die onbeheerbaarheid van die AI-hibriede generasie. Maar ons hoef nie te vrees nie, want in die mensheid is waar ons mekaar vind. Ons is nie robotte nie. Die Alfa generasie ook nie. Hulle wil dit ook nie wees nie. Hulle wil leer wat is die mens. Die mense is na God se beeld geskep, en daar vind ons uit wie en wat ons is. By God. Die Alfa generasie kan ook voel of hulle so bietjie van `n “laaste” generasie is, maar eerder soos in die apokaliptiek, nie laaste nie, maar `n openbarende generasie.

Die generasie waarin ons iets geopenbaar gaan vind van wie God is. Hoekom dit besonders is om na Sy beeld geskep te wees. En hoe spesiaal dit is dat Sy vingerafdruk op ons is. In God vind ons uniekheid, kreatiwiteit, kognitiewe en intellektuele, ons vir relasionele lewe en diep liefde in verhoudings. Omgee wat geen robot of selfs `n mense anders as jy kan doen nie. Daarom vind ons in elkeen iets van wat God wil openbaar van Homself. Hierdie groep gebore tussen 2010 en vandag gaan ons leer onderskei tussen die Goddelike en die AI wêreld. Ons kan hulle begelei in die ontdekking van God in ons getuienisse van geloof en `n lewe wat transendent is.

Ons roeping is om vanuit ons verhouding met Jesus Christus as opgestane Heer te leef en te laat leef. Ons het baie om te bied vir die jong generasie terwyl ons baie by hulle kan leer. Daarom daag op, wees getrou, eerlik en eerbaar. Leef vanuit jou liefde vir Jesus as volgeling van Hom wat ewig heers en inspireer soos God jou lei.

---




Saterdag 27 Junie 2026

10:00 – 13:00

# VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Ilse | Van Niekerk | 06/26 |
| Michelle | Van Niekerk | 06/26 |
| Nelia | Swart | 06/27 |
| Sas | Basson | 06/28 |
| MB | Basson | 06/28 |
| Trixi | Le Roux | 06/28 |
| Antonie | Linde | 06/28 |
| Kara | Van Niekerk | 06/28 |
| Pietie | De Kock | 06/29 |
| Kobin | Malherbe | 06/29 |
| Jannie | Otto | 06/29 |
| Gert | Stone | 06/29 |
| Japie | Du Toit | 06/30 |
| Lizette | Kok | 06/30 |
| Johan | Kroes | 06/30 |
| Hennie | Pretorius | 06/30 |
| Dirk | Swart | 06/30 |
| Gielie | De Kock | 07/01 |
| Sannie | De Swardt | 07/01 |
| Erich | Du Toit | 07/01 |
| Theo | Fourie | 07/01 |
| Eben | Van Niekerk | 07/01 |
| Jacobus | van Zyl | 07/01 |
| Cornelle | Franken | 07/02 |
| Mienke | Lourens | 07/02 |
| Elsa | Roux | 07/02 |
| Henry John | Badenhorst | 07/03 |
| Marna | Stofberg | 07/03 |
| Wilhelm | Fick | 07/04 |
| John | Gunston | 07/04 |
| Ian | Lötter | 07/04 |
| Jandré | Roux | 07/04 |
| Kobus | Theunissen | 07/04 |
| Julie | Victor | 07/04 |
| Marlene | Coetzee | 07/05 |
| Henning Malan | du Toit | 07/05 |
| Logan | Wessels | 07/05 |
| Anna | Havenga | 07/06 |
| Suné | Jordaan | 07/06 |
| Kobus | Van Dyk | 07/06 |
| Renè | Louw | 07/07 |
| Armand | Roux | 07/07 |
| Mariné | Basson | 07/08 |
| Carinus | Beukes | 07/08 |
| Tessa | du Toit | 07/08 |
| Nikita | Haggard | 07/08 |
| Clea | Pretorius | 07/08 |
| Maria | Roux | 07/08 |
| Marianne | Buys | 07/09 |
| Rika | Du Buisson | 07/09 |
| Gerhard | Volschenk | 07/09 |
| Maryke | Reynolds | 07/10 |
| Wilhelm | Schönfeldt | 07/10 |
| Maria | van Rensburg | 07/10 |
| De La Rey | Knoblauch | 07/11 |
| Christina | Van Niekerk | 07/11 |
| Collins | Viljoen | 07/11 |
| Nalize | Beukes | 07/12 |
| Daniël | Schönfeldt | 07/12 |
| Carlé | Van Zyl | 07/12 |
| Jurika | Fourie | 07/13 |
| Franco | Griessel | 07/13 |
| Johan | Nel | 07/13 |
| Willie | Schreüder | 07/13 |
| Helene | Claassens | 07/14 |
| Danie | Du Toit | 07/14 |
| Rachelle | Du Toit | 07/14 |
| Rina | Fourie | 07/14 |
| Theuns | Joubert | 07/14 |
| Debra | Neethling | 07/14 |
| Sas | De Kock | 07/15 |
| Anika | Jackson | 07/15 |
| Jenevé | Swart | 07/15 |
| Dirk | Vermeulen | 07/15 |
| Erian | Barnard | 07/16 |
| Carla | Linde | 07/16 |
| Stoffel | Niemand | 07/16 |
| Marene | Schagen | 07/16 |
| Willem | Victor | 07/16 |
| Hanlie | Brits | 07/17 |
| Willie | Eillert | 07/17 |
| Thinus | Fourie | 07/17 |
| Maré | Lourens | 07/17 |
| Johan | Pyper | 07/17 |
| Andre | Simonis | 07/17 |
| Lea Elizabeth | Van Niekerk | 07/17 |
| Mari Anne | Van Niekerk | 07/17 |
| Cornelius | Blom | 07/18 |
| Jureni | Van Niekerk | 07/18 |
| Kristile | Moolman | 07/19 |
| Bettie | Nothnagel | 07/19 |
| Illana | Whiteman | 07/19 |
| Corlia | Badenhorst | 07/20 |
| Willem | Cronje | 07/20 |
| John | Hickman | 07/20 |
| Lambert | De Wet | 07/21 |
| Monica | Doman | 07/21 |
| Wessel | Havenga | 07/21 |
| Wynand | Hoffman | 07/21 |
| Annemarie | Joubert | 07/21 |
| Marisa | De Kock | 07/22 |
| George | Lahoud | 07/22 |
| Marianteau | Maree | 07/22 |
| Martha | Rust | 07/22 |
| Marinus | Badenhorst | 07/23 |
| Charmaine | Fourie | 07/23 |
| Louis-Ben | Fourie | 07/23 |
| Mariane | Harris | 07/23 |
| Niella | Mouton | 07/23 |
| Anna | Badenhorst | 07/24 |
| Pieter | Burger | 07/24 |
| Antoinette | Du Toit | 07/24 |
| Carin | Fourie | 07/24 |
| Marilé | Kriel | 07/24 |
| Janine | Meets | 07/24 |

**Gelukkige Verjaarsdag aan almal wat gedurende die Junie-vakansie verjaar!**

Mag hierdie spesiale dag gevul wees met vreugde, liefde, gesondheid en baie mooi herinneringe. Ons wens elkeen van julle ’n wonderlike nuwe lewensjaar toe, vol seëninge, geluk en sukses. Geniet julle verjaarsdag ten volle en mag elke dag van die jaar iets besonders bring.

